Predikante Pensioenfonds
van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika
Trusteeverslag
vir die jaar geëindig 31 Desember 2021

Die doel van hierdie trusteeverslag is om lede in te lig oor die stand van die fonds en verwikkelinge wat ’n invloed gehad het op die fonds en sy lede gedurende 2021.

Voorsitter se oorsig

BESTUUR

Die jaar 2021 was net soos 2020 ’n baie uitdagende jaar vir die mensdom. Die Beheerliggaam wil dus van hierdie geleentheid gebruik maak om ons fondslede en hul naasbestaandes die troos van ons Hemelse Vader toe te bid.

In 2021 is die fonds steeds op ’n noukeurige en gesonde wyse deur die raad van trustees (die Beheerliggaam) bestuur. Die trustees word bygestaan deur verskillende professionele adviseurs en word op hoogte gehou van die jongste tendense en verwikkelinge in die aftreefondsbedryf.

Lede word weereens daarop gewys dat hul belastingverligting op totale bydraes van tot 27,5% van die hoogste van belasbare inkomste of vergoeding, tot en met ’n maksimum van R350 000 ’n jaar kan ontvang. Hierdie bedeling geld vir totale bydraes na pensioenfondse, voorsorgfondse en uittree-annuïteite. Die fonds is ’n baie koste effektiewe spaarvoertuig vir addisionele bydraes. Lede wat ’n ekstra bydrae ten opsigte van hulle aftreebesparing wil maak, word aangemoedig om die fonds hiervoor te oorweeg. Lede word ook daarop gewys dat spaargeld in bewaringsfondse oorgedra mag word na die fonds om sodoende aftreegeld te konsolideer. Kontak gerus die pensioenkantoor vir meer inligting oor hierdie opsies.

Die fonds het ook gedurende die jaar weer ’n projeksiestaat uitgestuur om lede ’n idee te gee van watter aftreevoordele hulle redelikerwys kan verwag gegewe sekere aannames oor beleggingsgroei en hulle huidige aftreefondsbydraes en fondswaardes. Indien daar ’n leemte in u voorsiening blyk te wees, oorweeg gerus die addisionele bydrae roete.

Ons het reeds voorheen gekommunikeer dat die verstekregulasies op 1 Maart 2019 amptelik in werking getree het vir alle geregistreerde aftreefondse. Een van die belangrikste aspekte van die verstekregulasies is dat elke fonds ’n annuïteitstrategie moet hê. Die trustees het reeds in 2017 ’n annuïteitstrategie geformuleer en die in-fonds lewende annuïteitsopsie (IFLA) is amptelik vanaf 1 Oktober 2017 in die fonds se reëls vervat en dien sedert 1 Maart 2019 as die fonds se amptelike verkose annuïteitstrategie. Die trustees het in Februarie 2020 besluit om te ondersoek of die strategie dalk aangevul kon word deur opsionele toegang te bewerkstellig tot eksterne annuïteitsprodukte wat teen groothandel tariewe gebied word. Hierdie produkte sou annuïteite wat ’n gewaarborgde pensioen bied kon insluit. Hierdie ondersoek is in 2021 voltooi en die fonds het ooreenkomste met Alexander Forbes en Sanlam gesluit wat lede toegang tot hierdie annuïteitsprodukte bied. Volledige inligting oor hierdie produkte is op die fonds se webwerf beskikbaar.

’n Verdere ontwikkeling rakende die keuses by aftrede is dat lede vanaf 1 Maart 2022 hulle aftreevoordeel mag verdeel tussen die in-fonds lewende annuïteit (IFLA) en eksterne annuïteitsprodukte. Voorheen sou lede wat IFLA wou kies hulle volle aftreevoordeel in die fonds daarin moes plaas.

Ons het ook reeds voorheen gekommunikeer dat die PPF in Februarie 2019 ’n versoek van die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk in die Vrystaat ontvang het vir die aansluiting van hulle lede by die PPF. Die trustees van die PPF het toe hierdie versoek baie deeglik ondersoek en bevind dat die aansluiting van hierdie groep geen negatiewe implikasies vir PPF-lede inhou nie. Die trustees het daarna die versoek in beginsel goedgekeur en begin werk saam met die Vrystaatse fonds om al die praktiese aspekte van die aansluiting uit te klaar. Die PPF se reëls is gewysig en Vrystaat se lede het op 1 September 2021 by die PPF aangesluit.

Die Beheerliggaam het vir Alexander Forbes aangestel om die betaling van pensioentrekkers en IFLA-lede vanaf 1 Maart 2021 te behartig. Die pensioenkantoor speel steeds ’n belangrike rol in die administrasie van hierdie groepe, maar behartig nie meer die betalings nie.

Vir goeie bestuur het die trustees gedurende 2021 die fonds se beleggingsbeleid asook die mandate van die fonds se subkomitees hersien. Die trustees ook die nodige beleide in plek gestel om funksioneel te voldoen aan die vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI-wetgewing).

Die Beheerliggaam is tans in die proses om die PPF se lewensfase beleggingsmodel aan te pas. Baie deeglike kommunikasie oor hierdie aanpassing sal aan lede gestuur word gedurende Maart en April 2022.

Die Beheerliggaam het na die aansluiting van deelhebbers verbonde aan die NG Kerk Vrystaat op 1 September 2021 vergroot tot 22 lede, met die aansluiting van 'n verkose lid (mnr A de Ruiter – hoofbeampte van die Sinodale Pensioenfonds van die Vrystaat) en aangewese lid (dr L Foot – voorsitter van die Sinodale Pensioenfonds van die Vrystaat) uit Vrystaat.

Ds E Steyn (verkose trustee van Oos-Kaapland) het in Oktober 2021 geskuif na die gebied van Wes-Kaapland en ds W Schoeman is tydens die sinodesitting in Oktober 2021 verkies as die nuwe trustee vir Oos-Kaapland.

Ds JS Bruwer (verkose trustee van Wes-Kaapland) het verhuis na Nederland en van die Beheerligaam bedank. Sy posisie is gevul deur die sekundus (ds R de Villiers) wat by die 2019 verkiesing verkies is.

Ons verwelkom die nuwe trustees en sien uit na hul bydraes in hierdie rol.

Ons moet dan ook met berou aankondig dat ds AH (Bossie) Minnaar op 28 Februarie 2022 afgetree het en daarom bedank het as hoofbeampte van die PPF. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om hom te bedank vir sy uitstekende diens aan die PPF en PPF-lede oor die laaste 10 jaar.

Die NG Kerk in SA het vir mnr Stephan Pretorius ('n geoktrooieerde rekenmeester wat as ouditeur gepraktiseer het) as Saakgelastigde van die NG Kerk in SA aangestel vanaf 1 Februarie 2022. Die PPF se beheerliggaam het hom as hoofbeampte van die fonds aangestel vanaf 14 Februarie 2022. Ons wens hom alle sterkte toe in sy nuwe rol.

Lede word herinner om die fonds se webwerf by **www.ppfkaapkerk.co.za** te besoek vir meer inligting oor die fonds.

BELEGGINGS

2021 was 'n jaar van onsekerheid en afwagting tesame met die hoop op 'n terugkeer na 'n mate van normaliteit sedert die aanvang van die Covid-19 pandemie aan die begin van 2020. Aandelemarkte wêreldwyd het gedurende 2021 telkens nuwe hoogtepunte bereik om die jaar op bykans rekord-hoogtes te eindig. Alhoewel die voortgaande Covid-19 pandemie steeds media-opskrifte oorheers het en tot wisselvalligheid in die markte gelei het, het die fokus ietwat verskuif na bekommernisse rakende inflasie en die potensiële impak daarvan op markte wêreldwyd.

Die amptelike inflasiekoers, soos gemeet deur die verbruikersprysindeks (VPI), het tot 5.9% jaar-op-jaar tot die einde Desember 2021 versnel, die hoogste vlak sedert Maart 2017 en bo die 4.5% per jaar teiken wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank gestel is. Die verhoging in inflasie is hoofsaaklik as gevolg van nutsdienste-, voedsel- en brandstof-prysverhogings. Ten spyte van hoër inflasie, het bykans alle bateklasse (uitgesluit plaaslike kontant en internasionale effekte) positiewe reële opbrengste oor die afgelope jaar gelewer (m.a.w. opbrengste hoër as inflasie).

Die opbrengste van die Fonds se onderskeie risikonemende beleggingsportefeuljes was oor die 2021 kalenderjaar baie sterk gewees en het die VPI ver uitpresteer (afhangend van die lid se portefeuljekeuse). As gevolg van die rentekoersverlagings wat deur die Reserwe Bank gedurende 2020 aangekondig is, het die Inkomstebeskermingsportefeulje steeds 'n positiewe opbrengs oor die kalenderjaar gelewer, maar dit was laer as die amptelike inflasiekoers. Terwyl korttermynrentekoerse laag bly, sal hierdie portefeulje dit uitdagend vind om 'n opbrengs hoër as inflasie te lewer.

Nadat die Beheerliggaam gedurende 2020 'n aantal veranderinge aan die Fonds se batebestuurdes en bateklasse waarin belê word, gemaak het, was die fokus gedurende die jaar op die implementering en konsolidasie van die nuwe strategieë en bestuurders.

Die pensioentrekkers het 'n verhoging van 3,5% op 1 Januarie 2022 ontvang, wat gelyk was aan 70% van die groei in VPI vanaf 30 September 2020 tot 30 September 2021 (5,0%). Hierdie verhoging is beter as die Fonds se langtermyn pensioen-verhogingsdoelwit wat onlangs tot 66.67% van VPI verhoog is.

ADMINISTRASIE EN RISIKOVOORDELE

Risikovoordele word voorsien uit versekeringspolisse buite die fonds. Hierdie versekeringspolisse is in die naam van die NG Kerk in SA en bied voordele aan die PPF-lede afkomstig van die sinodes van Wes-Kaapland, Oos-Kaapland, Noord-Kaapland en KwaZulu Natal. Die NG Kerk in SA het 'n maandaat aan die PPF se Beheerliggaam gegee om die bestuur van hierdie polis se voordele en premies te oorsien. Die sinode van Vrystaat het afsonderlike versekeringspolisse wat risikovoordele vir PPF-lede afkomstig van die sinode van Vrystaat voorsien. Hierdie polis word nie deur die PPF se Beheerliggaam bestuur nie. Die inligting oor risikovoordele in die onderstaande paragrawe is dus nie van toepassing op PPF-lede afkomstig van Vrystaat nie.

Versekeringspremies ten opsigte van risikodekking vir die fonds se lede word maandeliks van die totale bedrag van die werkgewerbydraes afgetrek en direk aan Sanlam oorbetaal. Die balans van die werkgewerbydraes tesame met die lidbydraes word dan aan die fonds betaal as fondsbydraes en aangewend, na verrekening van administrasiekoste, vir die opbou van aftreevoordele.

Sanlam se gekwoteerde tariewe vir 2022/2023 vir doodsdekking, ongeskiktheidsinkomste- en gadeversekering het wesenlik gestyg as gevolg van die algemene styging in eise, die impak van Covid-19 en die fonds se hoë eis-persentasie. Die Beheerliggaam het toe ’n markondersoek vir risikovoordele ondergaan wat getoon het dat Sanlam se tariewe steeds die goedkoopste in die mark is.

Die Beheerliggaam het daarna besluit om die vlak van doodsdekking en ongeskiktheidsdekking aan te pas sodat daar steeds ’n wesenlike deel van lede se bydraes beskikbaar is vir aftreevoordele. Die aanpassings word in die onderstaande tabel beskryf en volledige inligting word vervat in die omsendbrief (bylaag C) gedateer 26 Februarie 2022 wat aan lede en deelhebbers van die PPF gestuur is.

Risikovoordeel	**Aanpassing vanaf 1 Maart 2022**
Lewensversekering	Verminder die **verpligte** lewensversekering van 4 maal risikosalaris na 2 maal risikosalaris.
Addisionele opsionele (buigsame) lewensversekering	Die maksimum addisionele opsie bly 8 maal risikosalaris. Dit beteken egter dat die maksimum moontlike dekking verlaag van 12 maal risikosalaris na 10 maal risikosalaris. Lede wat reeds ’n hoër opsie as 10 maal het mag dit behou.
Ongeskiktheidsversekering (kontant)	Verminder van 3 maal risikosalaris na 2 maal risikosalaris.
Ongeskiktheidsversekering (inkomste)	Voorheen: 66.67% van risikosalaris plus 25% aanvullingsopsie (totaal van 91.67% van risikosalaris) tot ouderdom 65. Vanaf 1 Maart 2022: 75% van risikosalaris tot ouderdom 62.

Lede se bydraes tot aftreevoordele sal dus effens daal weens die verhoging in risikopremies op 1 Maart 2022.

Buigsame risikovoordele (sterftedekking) word sedert 1 Maart 2015 gebied. Lede word weer op 1 Maart 2022 die geleentheid gegun om hulle keuse te hersien.

Vanaf 1 Junie 2018 is die maandelikse aftrekking ten opsigte van koste by aktiewe lede, IFLA-lede en pensioentrekkers tydelik gestaak en hierdie koste was verhaal uit die fonds se kostegebeurlikheidsreserwe tot tyd en wyl die balans in hierdie reserwe ongeveer R2 000 000 bereik. Die trustees het hierdie praktyk heroorweeg in oorleg met die fonds se aktuaris en bevestig dat afftrekkings vir koste hervat moet word sodra die balans R2 000 000 sou bereik. Die reserwerekening het ’n balans van R2 000 000 in Junie 2021 bereik en die Beheerliggaam het gevolglik besluit dat maandelikse aftrekkings op 1 Julie 2021 hervat moet word. Die aftrekkings het R259,19 (bydraende lede), R238,44 (opbetaalde en uitgestelde-lede) en R211,48 (pensioentrekkers en IFLA-lede) beloop vanaf 1 Julie en is aangepas na R239,97 (bydraende lede), R219,22 (opbetaalde en uitgestelde-lede) en R210,10 (pensioentrekkers en IFLA-lede) na die aansluiting van Vrystaat-lede op 1 September 2021.

LIDADVIES

Lede word sterk aangemoedig om tydig ’n professionele finansiële adviseur se advies te vra. Een van die voordele van die in-fonds lewende annuïteit (IFLA) is dat die fonds met spesifieke finansiële adviseurs ’n ooreenkoms gesluit het om finansiële advies teen ’n vasgestelde prys te voorsien. Die trustees het hierdie finansiële adviseurs gekeur en ’n diensvlakooreenkoms met hulle maatskappye gesluit. Die verdere voordeel is dat hierdie fooi nie in kontant deur die lid betaal hoef te word nie – dit word van die lid se fondskrediet verhaal. ’n Lid mag kies om ’n eie finansiële adviseur aan te stel. Die lid sal egter self die adviesfooi moet beding (en betaal) vir finansiële adviseurs wat nie uit die fonds se goedgekeurde paneel van adviesfirmas kom nie. Bekendstellingsbrosjures van hierdie adviseurs, Estian Visagie van Alexander Forbes Finansiële Beplanningsdienste en George de Kock van Sanlam BlouSter, is beskikbaar by die pensioenkantoor en op die fonds se webwerf.

Lede word inligting gebied in onder andere nuusbriewe, inligtingstukke wat beskikbaar is by diensverlating en aftrede, die fonds se webwerf (**www.ppfkaapkerk.co.za**), Alexander Forbes Online (www.afonline.co.za) en inligtingseminare.

Die volgende stukke is onder andere beskikbaar op die fonds se webwerf vir lede se gebruik:

- Opsies vir wanneer u u aftreefonds verlaat.
- Opsies wanneer u aftree by u werkgewer.
- Die IFLA-opsie brosjure.
- Vrae en antwoorde oor die IFLA-opsie.

Raad van trustees, ampsdraers en diensverskaffers

Die fonds word bestuur deur ’n raad van trustees. Vier formele trusteevergaderings is gedurende die fondsjaar gehou. Die volgende trustees dien tans in die raad:

Ledeverteenwoordigers
Ds MP Sahd (voorsitter) (WK)
Ds CJ Stander (WK)
Ds R de Villiers (WK)
Ds M Nel (WK)
Ds E Malan (WK)
Dr J van den Heever (WK)
Ds MVDS Loubser (NK)
Ds W Schoeman (OK)
Ds PJ Botha (KZN)
Mnr A de Ruiter (VS)

Pensioentrekkerverteenwoordigers
Ds CW Alheit
Dr WA Fourie

IFLA-verteenwoordiger
Dr W Cilliers

Hoofbeampte:
Ds AH Minnaar (tot 13 Februarie 2022)
Mnr SJK Pretorius (vanaf 14 Februarie 2022)

Werkgewerverteenwoordigers
Mnr J Swanepoel (WK)
Mnr L Hanekom (WK)
Mnr W Jordaan (WK)
Mnr J Kotze (WK)
Mnr CG van Schalkwyk (WK)
Ds JPL Mostert (NK)
Ds DW Mouton (OK)
Ds JP Grobler (KZN)
Dr L Foot (VS)

SUBKOMITEES

Die trustees delegeer die oorweging van sekere gespesialiseerde funksies na twee subkomitees op wie se rapportering en aanbevelings die trustees besluite neem. Die beleggingskomitee hanteer alle aspekte van die fonds se beleggingstrategie en die implementering daarvan. Die oudit- en risikokomitee beoordeel finansiële verslagdoeningsprosesse, stelsels van interne kontrole en bestuur van finansiële risiko’s, ouditeringsprosesse, prosedures van voldoening aan wette, regulasies en gedragskodes, en die finansiële state. Hierdie subkomitees is soos volg saamgestel:

Beleggingskomitee
Ds CJ Stander (voorsitter)
Mnr CG van Schalkwyk
Mnr J Henn
Mnr J Swanepoel
Mev A Viljoen
Mnr L Hanekom
Mnr J de Villiers
Mnr F Knoetze
Prof N Krige
Dr L Foot
Hoofbeampte

Oudit- en Risikokomitee
Mnr J de Kock (voorsitter)
Ds MP Sahd
Ds CJ Stander
Mnr J Kotze
Mev A Viljoen
Hoofbeampte

TRUSTEES SE PLIG

Dit is die trustees se plig om:

- die fonds te bestuur ingevolge die reëls van die fonds asook die pensioenfonds- en belastingwette;
- alle redelike stappe te neem om seker te maak dat lede se belange altyd beskerm word;
- met sorg, ywer en goeie trou op te tree;
- belangebotsings te vermy;
- regverdig op te tree teenoor alle lede en begunstigdes;
- seker te maak dat die fonds behoorlike beheerstelsels het;
- seker te maak dat die fonds genoegsaam en toepaslik met lede kommunikeer;
- redelike stappe te neem om seker te maak dat bydraes betyds inbetaal word;
- kundiges te raadpleeg, waar nodig;
- seker te maak dat die bestuur en administrasie van die fonds aan alle toepaslike wette voldoen.

Die trustees het vier keer gedurende 2021 vergader en ’n kworum was by elke vergadering teenwoordig. Die beleggingskomitee en oudit- en risikokomitee het onderskeidelik vier en twee keer vergader gedurende die kalenderjaar.

DIENSVERSKAFFERS

Die fonds maak gebruik van ’n aantal diensverskaffers om bepaalde funksies te verrig. Die aanstelling van die diensverskaffers word van tyd tot tyd heroorweeg. Geen veranderinge is gedurende die periode gemaak nie. Die Beheerliggaam het wel die aanstelling van die ouditeure gedurende die jaar heroorweeg en die huidige ouditeur (Deloitte) se heraanstelling bevestig.

Die hooffunksies van die onderskeie diensverskaffers is soos volg:

Diens	Rol
Aktuariële advies	Die aktuaris of waardeerder is ’n wiskundige en finansiële kenner wat sekere berekeninge en aanbevelings, vir byvoorbeeld pensioenverhogings, maak en volgens wet moet rapporteer oor die fonds se finansiële posisie.
Konsultante	Hulle adviseer die trustees oor die bestuur van die fonds.
Administrateurs	Die administrateurs hanteer al die dag-tot-dag administratiewe pligte van die fonds. Hulle maak onder meer seker dat bydraes betyds ontvang word, voordele uitbetaal word en nuwe lede aangeteken word.
Ouditeure	Die ouditeure ondersoek een maal ’n jaar die fonds se finansiële state om seker te maak dat daar niks met die fonds se finansiële rapportering skort nie en om te verseker dat die inligting in die finansiële state redelik is.
Beleggingskonsultante	Die spesialiste bepaal in samewerking met die trustees en die beleggingskomitee, die fonds se beleggingstrategie en voer dit dan prakties uit.
Batebestuurders	Die kenners wat die bates van die fonds bestuur om goeie opbrengste teen aanvaarbare risikovlakke te genereer.
Bank	Dit is die bank waar die fonds sy rekeninge hou waarin geld gedeponeer en waaruit fondse betaal word.

Die volgende instansies lewer tans dienste aan die fonds:

Administrateurs: Alexander Forbes Finansiële Dienste en die NG Kerk in SA

Aktuariële dienste: Alexander Forbes Finansiële Dienste

Bank: Standard Bank

Batebestuurders:
Plaaslike Aandele: Abax, Allan Gray, Coronation en Sanlam
Plaaslike Eiendom: Sesfikile Capital
Plaaslike Effekte, Geldmark en Krediet: Futuregrowth, Ninety One en Old Mutual LDI
Plaaslike Infrastruktuur: Stanlib
Plaaslike inkomste: Prescient
Buitelandse aandele (Passief): Stanlib
Buitelandse aandele in ontwikkelde lande: Sygnia Life (Ardevora, Global Quality Growth Partners (GQG), Hosking Partners, Lansdowne Partners, Lindsell Train, Metropolis Capital, Polaris Capital en Veritas Global Equity en Sands Capital)
Buitelandse aandele in ontwikkelende lande: Sygnia Life (Coronation, Global Quality Growth Partners (GQG), Pzena en Sands Capital)
Buitelandse genoteerde infrastruktuur: Sygnia Life (Maple-Brown Abbott)
Buitelandse eiendom: Sygnia Life (Resolution Capital)
Buitelandse privaat ekwiteit: Sygnia Life (OSE)

Batebestuurders	Plaaslike aandele R'm	Plaaslike eiendom R'm	Plaaslike effekte R'm	Plaaslike infrastruktuur R'm	Plaaslike krediet R'm	Plaaslike geldmark R'm	Plaaslike inkomste R'm
Allan Gray	110,4						
Abax	131,9						
Coronation	158,5						
Sanlam	120,6						
Sesfikile		79,7					
Ninety One			95,5		239,8	177,2	
Futuregrowth			112,9				
Old Mutual			211,6				
Prescient							102,1
Stanlib				78,4			
Totale waarde	**521,4**	**79,7**	**420,0**	**78,4**	**239,8**	**177,2**	**102,1**

Batebestuurders	Buitelandse ontwikkelde markte aandele R'm	Buitelandse ontwikkelende markte aandele R'm	Buitelandse eiendom R'm	Buitelandse genoteerde infrastruktuur R'm	Buitelandse privaat ekwiteit
Stanlib	144,8				
Sygnia	329,3	58,1	71,8	67,0	24,8
Totale waarde	**474,1**	**58,1**	**71,8**	**67,0**	**24,8**

Beleggingskonsultante: Willis Towers Watson Aktuarisse en Konsultante

Konsultante: Alexander Forbes Finansiële Dienste

Ouditeure: Deloitte

Reëlwysigings

Die reëls van 'n fonds bepaal hoe die fonds bestuur moet word. Die reëls moet geregistreer word deur die Registrateur van Pensioenfondse (Registrateur) en goedgekeur word deur die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID). Nadat die reëls geregistreer is, moet alle daaropvolgende reëlwysigings ook geregistreer word deur die Registrateur en goedgekeur word deur die SAID.

Reëlwysiging no. 9 (effektief van 1 September 2021) is in September 2021 deur die Gedragsowerheid geregistreer. Die hoofredes vir hierdie wysiging is as volg:

- Om voorsiening te maak vir die oordrag van lede en reserwes vanaf die Sinodale Pensioenfonds van die N.G. Kerk in die O.V.S. na die Fonds, insluitende die oordrag van persone in ontvangs van 'n lewende annuïteit uit sodanige fonds;
- Om aan lede die opsie te bied om 'n gedeelte van hulle voordeel by aftrede aan te wend om 'n Lewende Annuïteit uit die Fonds te voorsien en die res te gebruik om 'n annuïteit of annuïteite van 'n Versekeraar aan te koop; en
- Om voorsiening te maak in die Reëls vir 'n outomatiese vrywaring teen potensiële eise wat mag ontstaan as gevolg van die opsies wat deur afgetrede lede uitgeoefen is en te vereis dat 'n aftredende lid bewys van die advies aan hom gelewer, wat die rede vir sy aftreeproduk-besluite aandui, moet verskaf en indien hy nie gebruik maak van enige advies nie hy 'n uitdruklike vrywaring moet verskaf.

Al die reëls van die fonds, sowel as die redes vir die onlangse wysigings, kan by die Pensioenkantoor bestudeer word te De Langestraat 5, Bellville, 7530. Dit is ook op die webwerf beskikbaar.

Lidmaatskapbesonderhede

Die lidmaatskap van die fonds het soos volg verander gedurende 2021:

	2020	2021
Lede op 1 Januarie	**595**	**553**
Nuwe lede	22	33
Nuwe lede van Vrystaat	-	124
Uitdienstredes	(16)	(10)
Oordragte na ander fondse	(6)	(4)
Sterftes	(1)	(2)
Aftredes	(41)	(26)
Lede op 31 Desember	**553**	**668**

	2020	2021
Pensioentrekkers op 1 Januarie	**287**	**269**
Nuwe pensioene*	5	1
Beëindiging van pensioene	(23)	(18)
Pensioentrekkers op 31 Desember	**269**	**252**

* Weduwees na afgetrede pensioentrekkers gesterf het

	2020	2021
Annuïtante op 1 Januarie	**42**	**57**
Nuwe annuïtante	16	10
Oordragte na versekeraars	(1)	(2)
Annuïtante op 31 Desember	**57**	**65**

Fondsbeleggings

DIE FONDS SE BELEGGINGSPORTEFEULJES EN -PRESTASIE

Die tabel hieronder toon die waarde van die fonds se beleggingsportefeuljes (ook beleggingskanale genoem) soos op 31 Desember 2021 en die netto (na batebestuursfooie) beleggingsopbrengste wat op die onderskeie portefeuljes verdien is oor die periodes tot 31 Desember 2021:

Portefeuljes	**Waarde**	**1 jaar**	**3 jaar (p.j.)**
Langtermyn-portefeulje	R1 274,7 m	24,0%	13,8%
Konserwatiewe-portefeulje	R572,1 m	16,7%	11,3%
Inkomstebeskerming-portefeulje	R173,2 m	5,3%	6,8%
Pensioentrekker-portefeulje	R290,9 m	15,7%	10,0%
Reserwe-portefeulje **#**	R5,7 m	5,1%	6,7%
Totale fondswaarde/-opbrengs	**R2 316,9 m**	**19,4%**	**12,0%**
Inflasie		5,9%	4,3%

 # Die Reserwe Portefeulje bevat die beleggings ten opsigte van die fonds se gebeurlikheidsreserwes en ander voorsienings.

'n Markaanwyser is 'n indeks wat 'n aanduiding gee van die algemene rigting en sterkte van 'n mark. Die volgende tabel wys hoe die sleutelmarkaanwysers (Suid-Afrikaanse en buitelandse aandele, effekte en kontant) oor verskillende tydperke gevaar het.

Bateklas	**1 Jaar tot 31 Desember 2021 (in rand)**	**3 Jaar tot 31 Desember 2021 (p.j.) (in rand)**
Plaaslike aandele (CAPI)	31,7%	15,7%
Plaaslike eiendom	38,6%	-3,8%
Plaaslike effekte	8,4%	9,1%
Plaaslike kontant	3,8%	5,5%
Buitelandse aandele	32,9%	26,6%
Buitelandse effekte	3,5%	7,2%

Die tabel hierbo toon aan dat alle sleutel bateklasse positiewe opbrengste vir 2021 gelewer het. Die risikodraende bateklasse (aandele en eiendom) het die hoogste opbrengste oor die afgelope een jaar gelewer. Plaaslike eiendom is die enigste risikodraende bateklas wat negatiewe opbrengste oor die afgelope drie jaar gelewer het.

Die Fonds se drie voor-aftrede beleggingsportefeuljes se opbrengste gedurende die kalender jaar was 'n goeie weerspieëling van elke portefeulje se risikobegroting. Die Langtermyn Portefeulje het 'n aansienlike blootstelling aan aandele (beide plaaslik en internasionaal) en moet daar derhalwe baie meer wisselvalligheid by hierdie portefeulje verwag word as gevolg van die hoë blootstelling tot risikodraende bates. Die prestasie daarvan moet ook oor die langtermyn gemeet word. Die verwagting is egter dan ook dat hierdie portefeulje hoër reële opbrengste oor die langtermyn sal lewer, wat histories sover wel die geval was.

Lede kan ook daarop let dat die Konserwatiewe en Inkomstebeskerming Portefeuljes, wat ontwerp is om wisselvalligheid van opbrengste te beperk, goed daarin geslaag het om positiewe, stabiele opbrengste oor die afgelope drie jaar te lewer.

DIE FONDS SE BELEGGINGSKEUSES

Lede word daaraan herinner dat die Fonds van 'n lewensfasemodel (wat ook die Fonds se verstek beleggingsportefeulje is) gebruik maak waar die beleggingstrategie al hoe meer konserwatief word nader aan aftrede. Die Fonds se lewensfasemodel moet egter ook verband hou met die Fonds se annuïteitstrategie, wat 'n in-fonds lewende annuïteit is. Die Fonds is in die proses om die lewensfasemodel aan te pas sodat lede teen aftree-ouderdom nie meer ten volle in 'n kontantportefeulje belê sal wees nie, maar steeds 'n mate van markblootstelling sal behou in lyn met die in-fonds lewende annuïteit.

'n Lid kan egter enige tyd kies om van die lewensfasemodel af te wyk, deur die fondswaarde en toekomstige bydraes volgens die lid se eie keuse tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes te versprei. Dit moet egter nie spekulatief gedoen word nie en moet met die nodige advies gepaard gaan. Lede met 'n lang beleggingshorison behoort daarteen te waak om nie hul fondswaarde te konserwatief te belê nie. 'n Langtermynbelegging in die Inkomstebeskerming Portefeulje sal byvoorbeeld waarskynlik nie inflasie met 2% of meer per jaar (of huidiglik enigsins) klop nie.

DIE FONDS SE BATEBESTUURDERS

Die meerderheid van die Fonds se huidige batebestuurders het oor die langtermyn waarde toegevoeg deur die bates aktief te bestuur. Lede kan egter verseker wees dat die Beheerliggaam deurlopend indringende vrae stel oor die vermoëns van die Fonds se batebestuurders en, saam met die beleggingskonsultante, baie tyd spandeer om die regte besluite in hierdie verband te neem.

Na 'n besige 2020, het die Beheerliggaam geen veranderinge gedurende 2021 aan die Fonds se batebestuurders aangebring nie. Die Beheerliggaam het wel besluit om die buitelandse blootstelling van die Langtermyn Portefeulje verder te verhoog op grond van die groter beleggingsgeleenthede wat in buiteland in vergelyking met Suid-Afrika bestaan.

Die gedeelte van die Fonds se hoof-bateklasse wat deur elk van die batebestuurders bestuur word, was op 31 Desember 2021 soos volg:

Batebestuurders	**Plaaslike aandele R'm**	**Plaaslike eiendom R'm**	**Plaaslike effekte R'm**	**Plaaslike infrastruktuur R'm**	**Plaaslike krediet R'm**	**Plaaslike geldmark R'm**	**Plaaslike inkomste R'm**
Allan Gray	110,4						
Abax	131,9						
Coronation	158,5						
Sanlam	120,6						
Sesfikile		79,7					
Ninety One			95,5		239,8	177,2	
Futuregrowth			112,9				
Old Mutual			211,6				
Prescient							102,1
Stanlib				78,4			
Totale waarde	**521,4**	**79,7**	**420,0**	**78,4**	**239,8**	**177,2**	**102,1**

Batebestuurders	Buitelandse ontwikkelde markte aandele R'm	Buitelandse ontwikkelende markte aandele R'm	Buitelandse eiendom R'm	Buitelandse genoteerde infrastruktuur R'm	Buitelandse privaat ekwiteit
Stanlib	144,8				
Sygnia	329,3	58,1	71,8	67,0	24,8
Totale waarde	**474,1**	**58,1**	**71,8**	**67,0**	**24,8**

Belangrike dokumente en inligting

VOORDEELSTATE

Aktiewe lede se voordeelstate met fondsvoordele soos op 31 Desember 2021 is elektronies versprei. Maak asseblief seker dat u persoonlike besonderhede korrek is en verwittig die Pensioenkantoor of die hoofbeampte van enige wysigings. Dit is belangrik dat u die notas op die voordeelstaat noukeurig bestudeer.

PROJEKSIESTATE

Projeksiestate word afsonderlik van die voordeelstate aan lede gestuur en bevat vooruitskattings van lede se verwagte pensioenvlak gebaseer op sekere ekonomiese aannames. Lede wat binne twee jaar van hul normale aftreedatum is, sal 'n meer spesifieke projeksiestaat ontvang, wat die finansiële impak van verskillende tipes pensioene uiteensit. Dit is belangrik dat lede vroegtydig finansiële advies kry om hulle persoonlike finansiële sake en beplande aftrede verantwoordelik te bestuur.

BEGUNSTIGDE BENOEMINGSVORM *[hierdie deel is nie van toepassing op die Pensioentrekkers nie]*

Indien u te sterwe kom terwyl u 'n lid van die fonds is, is dit kragtens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse, die trustees se verantwoordelikheid om te besluit oor hoe die sterftevoordele aan u afhanklikes en begunstigdes uitbetaal word. 'n Afhanklike is iemand wat finansieel afhanklik van u is. 'n Begunstigde is 'n nie-afhanklike persoon wat u nomineer om 'n deel van die sterftevoordeel te ontvang.

Om die trustees met hierdie proses te help, is dit belangrik dat u 'n begunstigde benoemingsvorm voltooi waarin u afhanklikes en/of genomineerde begunstigdes aangetoon word. Die voltooide vorm moet by die Pensioenkantoor ingedien word en sal op u persoonlike lêer geplaas word. Die inhoud van die vorm word as streng vertroulik hanteer en sal slegs aan die trustees verklaar word indien 'n sterfte-eis sou ontstaan.

Artikel 37C van die Pensioenfondswet stipuleer hoe sterftevoordele in 'n aftreefonds aan die lid se begunstigdes verdeel moet word. Alhoewel die trustees u wense ten opsigte van u sterfte-voordeel in ag moet neem, kan hulle daarvan afwyk indien hulle van mening is dat daar 'n meer gepaste verdeling is.

Die belangrikste stap is om die vorm te voltooi en in te dien as u dit nog nie gedoen het nie, of as u persoonlike omstandighede verander het. Die Pensioenkantoor kan ook geskakel word om die status van u huidige benoemingsvorm te bevestig.

Die beskikbaarheid van 'n bygewerkte begunstigde benoemingsvorm sal grootliks bydra tot die spoedige afhandeling van die eis. As u dit nie doen nie, kan uitbetaling van die voordeel vir maande vertraag word. En dit op 'n tyd wat u geliefdes finansiële sekuriteit broodnodig het. Dit is veral belangrik om u begunstigde benoemingsvorm te hersien wanneer u persoonlike omstandighede verander, byvoorbeeld by die geboorte van 'n kind, huwelik of egskeiding. 'n Blanko benoemingsvorm word by hierdie Trusteeverslag aangeheg vir u gebruik.

PENSIOENBEREGTER

Lede van aftreefondse kan die Pensioenberegter skakel met enige klagtes oor fondssake wat nie tot hul bevrediging deur die fonds hanteer word nie. Die kontakbesonderhede van die Pensioenberegter is soos volg:

Die Pensioenberegter, Posbus 580, Menlyn 0063

Vierde vloer Riverwalk Office Park, Block A Matroosbergstraat 41 Pretoria 0081		Telefoon: Faks: Webwerf:	012 346 1738 086 693 7472 www.pfa.org.za

Geen klagtes is gedurende die rapporteringsperiode teen die fonds by die Pensioenberegter of die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor aanhangig gemaak nie.

Belangrike fondsinligting

Indien u enige vrae of kommentaar rakende die fonds, die fonds se voordele, beleggings of enige ander fonds-aangeleenthede het, kan u die hoofbeampte of die Pensioenkantoor kontak. Die kontakbesonderhede is soos volg:

E-pos:	pensioen@kaapkerk.co.za
Telefoon:	021 957 7115
Geregistreerde Fondsnaam:	Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika
Geregistreerde adres:	De Langestraat 5, Bellville 7530
Raad op Finansiële Dienste Registrasienommer:	12/8/3615
SAID Registrasienommer:	18/20/4/4825

Die kontakbesonderhede van die fonds se ander administrateur, **Alexander Forbes**, is as volg:
Alexander Forbes Finansiële Dienste
Posbus 501, Stellenbosch, 7599
Dorpstraat 40, Stellenbosch, 7600
Telefoon: 021 809 3600

In die geval van enige verskille tussen die inligting wat in hierdie dokument verskaf word en die reëls van die fonds, sal die reëls van die fonds geld.